

## Hoe vroue in die akademie die ergste deur COVID-19 geraak word

**Keymanthri Moodley en Amanda Gouws\***

Die COVID-19-pandemie en die gevolglike openbare gesondheidsreaksie van die staat van inperking het reliëf gegee aan die beperkinge wat vroue deur die bank beleef.

Ons het die uitwerking van die pandemie op vroue in die akademie – ons werks- en navorsingsrigting – dopgehou. Wat ons sien, en wat deur navorsing gerugsteun word, is dat vroue as gevolg van COVID-19 bykomende beperkinge in die gesig staar.

Dit wissel van die bykomende laste en verantwoordelikhede om van die huis af te werk, tot die feit dat minder vrouewetenskaplikes as kundiges op die gebied van COVID-19 aangehaal word en dat baie minder vroue deel is van die kohort wat nuwe kennis oor die pandemie oplewer.

Hierdie beperkinge is niks nuuts nie. Vroeëre navorsing bevestig dat vroue-akademici [groot onderrigladings moet hanteer](#), met relatief min tyd vir [navorsing en publikasie](#) in vergelyke met hul manlike kollegas, wat dikwels nie soortgelyke huishoudelike verantwoordelikhede moet hanteer nie.

Die toenemende druk wat die COVID-19-pandemie vir vroue-akademici veroorsaak het, plaas hierdie versplinterde landskap van gendergelykheid in die akademie onder die vergrootglas. Die uitwerking word [in produktiwiteit](#) gevoel. Dit manifesteer in openbare blootstelling, kenniskepping en wie gevra word om raad te verskaf.

### Akademiese uitsette

'n [Artikel](#) wat in die *World University Rankings* verskyn het, wys op die partydigheid teenoor manlike kundiges in mediadekking oor COVID-19. Die artikel, geskryf deur 'n groep vrouewetenskaplikes, wys daarop dat vroue beleidsmakers oor die uitbreking adviseer, kliniese toetse ontwerp, veldnavorsing koördineer en die insameling en ontleding van data lei. Maar wanneer dit by mediadekking kom, word mans bevoordeel. Hoewel die vakgebiede van epidemiologie en geneeskunde deur vroue oorheers word, word mans baie meer dikwels as vroue oor die pandemie aangehaal.

Dieselfde punt word in 'n artikel wat in Junie 2020 in die korrespondensie-afdeling van 'n vooraanstaande mediese vaktydskrif, [The Lancet](#), verskyn het, gemaak. Dit wys daarop dat slegs 24% van die COVID-19-kundiges wat in die media aangehaal is en 24,3% van nasionale taakspanne wat ontleed is, vroue was.

Vroue se uitsette word ook op ander maniere geraak. 'n [Onlangse artikel](#) in *Science News* toon dat minder vroue eerste skrywers van artikels oor COVID-19 was. Dit was veral die geval in die eerste maande van die pandemie. Hulle het 1 893 artikels wat in Maart en April 2020 verskyn het, met artikels van die ooreenstemmende tyd in 2019 in dieselfde vaktydskrifte vergelyk. Hulle het gevind dat eerste outeurskap vir vroue met 23% gedaal het.

Hulle skryf dit toe aan die [toenemende eise van mense se gesinslewe gedurende die pandemie](#).

*The Guardian*-koerant het ook gevind daar is 'n afname in vroue se akademiese uitsette, terwyl die vaktydskrif *Comparative Politics* aangedui het dat voorleggings deur [mans 50% hoër was in April](#).

Die artikel in *The Lancet* voer dieselfde aan.

Onlangse [data](#) uit die VSA, VK en Duitsland dui daarop dat vroue meer tyd in die pandemie-tydperk aan kinderversorging en skoolonderrig tuis bestee as mans. Dit maak dit veral moeilik vir enkelouer-huishoudings, waar vroue meestal aan die hoof staan.

### **Huishoudelike beperkings**

Die artikel deur vrouewetenskaplikes in *The Lancet* stel dit duidelik dat geen een van hierdie uitdagings iets nuuts is nie. Hulle skryf onder meer die volgende:

“Vroue-akademici se uitdagings is goed gedokumenteer in nie-pandemiese tye. Hierdie uitdagings sluit in die institusionele kultuur van manlike oorheersing, gebrek aan vroulike mentors, kompeterende gesinsverantwoordelike weens geslagsgeoriënteerde huishoudelike arbeid, en implisiete en onbewustelike vooroordele in werwing, navorsingstoekenning, uitkomst van ewekniebeoordeling en die aantal sitasies.”

Maar, skryf hulle, COVID-19 het tot ongekennde sluitings van dagsorg, skole en werkplekke gelei, wat die uitdagings vererger het.

Vroue-akademici en beroepspraktyk strewende al dekades na ’n balans tussen werk en huislewe met fyn voetwerk tussen professionele en [huishoudelike verantwoordelikhede](#).

Institusionele ondersteuning vir vroue in die vorm van kraamverlof, versorgingsgeriewe vir kinders, voedingskamers, buigbare werksure en beskermde navorsingstyd wissel by die verskillende Suid-Afrikaanse instellings. By [baie is daar ’n groot tekort](#) daaraan.

En nou moet vroue van die huis af werk, waar daar van hulle verwag word om ook na kinders en bejaarde ouers om te sien, [skoolonderrig tuis te gee](#), huis skoon te maak, kos te kook en [inkopies te doen](#).

### **Aanspreek van die probleem**

Hierdie oneweredige uitwerking op vroue se produktiwiteit het die potensiaal om vroue die akademie vaarwel te laat toeroep. Dit sal ’n negatiewe uitwerking op die diversiteit hê wat [noodsaaklik is vir uitnemendheid in die akademie](#) en in die burgerlike samelewing.

Niks hiervan word in bevorderingskriteria of prestasiebeoordelings in ag geneem nie, waar vroue-akademici direk met hul manlike eweknieë meeding. Gevolglik is vroue ernstig onderverteenvoerdig in akademiese leierskap, wat die patriargale institusionele kultuur in hoëronderrigings laat voortduur.

Sommige wêreldbefondsingsagentskappe, waaronder die *European and Developing Country Clinical Trial Partnerships* en die *National Institutes of Health*, het onlangs begin om [in toekenningsaansoeke](#) oorweging te skenk aan die beperkinge wat vrouewetenskaplikes ondervind. Hierdie poging moet ernstig uitgebrei word.

Dit kan gedeur word deur bestaande beleide te hersien en die proaktiewe ontwikkeling van nuwe beleide om optimale genderbalans in navorsing te skep. Befonders het ook ’n verantwoordelikheid om ondersoek in te stel na hoe instellings wat finansiële baie by navorsingsbefondsing deur indirekte kostes baat, vrouewetenskaplikes in die akademie ondersteun.

Wetenskaplike vaktydskrifte word toenemend sensitief vir genderbalans en diversiteit ten opsigte van outeurskap. Maar die vereistes vir gendergelykheid rakende deelnemers wat by navorsingstudies ingesluit word en outeurskap [moet strenger gemaak word](#).

Net so het die keuse van konferensiepanele en geleentheidsprekers dringend gepaste verteenwoordiging van vroue nodig, veral dié wat uit die globale Suide afkomstig is, aangesien hul stemme ondervteenwoordig is in internasionale akademiese vergaderings en wetenskaplike konferensies. Enigiets minder as hierdie pogings sal die vlakke van genderongelykheid en gebrek aan diversiteit soos gesien vóór COVID-19 net vererger. Ongelukkig sal dit die akademie armer laat indien dit nie gebeur nie.

\***Keymanthri Moodley** is die direkteur van die Sentrum vir Mediese Etiek en die Reg aan die Universiteit Stellenbosch; en **Amanda Gouws** is 'n professor in Politieke Wetenskap en beklee die SARChi-leerstoel in Genderpolitiek aan die Universiteit Stellenbosch.